ADRIAAN SMUTS

Adriaan het by die Universiteit Potchefstroom 'n sertifikaat behaal in Besigheidbestuur. Daarna het hy deur Unisa 'n sertifikaat behaal in Arbeidsreg. Hy het sy logboekfase en NQF 4 suksesvol afgehandel in die eiendomsbedryf. Tans wag hy op die eerste geleentheid om die PDE eksamen af te lê om sy kwalifikasie van volle eiendomsagentstatus te behaal.

Adriaan het vir 20 jaar in die bankwese gewerk en was bevorder tot Streekbestuurder van Boland Bank Eiendomsdienste en Afslaers. Daarna het hy by Avbob Nywerhede se grafsteenfabriek as Fabrieksbestuurder gewerk vir 22 jaar, waarna hy afgetree het.

Adriaan het toe in die eiendomsmark betrokke geraak en vanaf 1 Junie 2018 by Gleniqua Eiendomme begin werk en is steeds daar werksaam.

Sy ondervinding in finansies en finansiële bestuur saam met sy kennis van die eiendomsmark is 'n aanwins vir sy kliënte.